# SONDAGSKOOL LES: Wees versigtig!

**Doel van les:**

- Die kinders gaan in hierdie les leer dat dit belangrik is om die Bybel te ken, want daar is valse onderwysers in die wêreld wat vir jou wil jok rondom reg en verkeerd.

**Ysbreker 1: Blind follow the leader:** Blinddoek al die kinders in die groepe, en laat hulle groepleier met hulle deur die kerk en saal stap. Die groepleiers moet hulle waarsku as daar 'n stoel, trap, tafel ens in die pad is.

**Ysbreker 2: Waarskuwingstekens Powerpoint:** Wys 'n aantal waarskuwingstekens vir die kinders, en kyk wie kan raai waarteen die tekens waarsku.

Wanneer ons elke dag rondom ons kyk, sal ons tekens sien wat ons waarsku. Wanneer jy op die sypaadjie stap, en daar is 'n teken op 'n hek van 'n huis wat sê: Pasop vir die hond, wat gaan jy doen? Gaan jy die hek oopmaak, en ingaan en gaan kyk of daar 'n gevaarlike hond daar bly? Nee, ek dink nie so nie. Ek dink nogals julle sal eerder daar verbystap.

Wat gaan jy doen as jy in Baywest of Greenacres stap, en daar is 'n teken wat wys: Pasop vir die nat vloer? Jy sal mos baie stadig en versigtig daar loop sodat jy nie val en seerkry nie.

Dit is baie goed dat ons sulke tekens rondom ons het. Dit hou ons veilig en dis baie slim om na die waarskuwings te luister.

Ons kry ook baie waarskuwings in die Bybel oor verskillende sake, en vandag wil ek oor 'n spesifieke een praat wat regtig 'n groot probleem is, en baie kinders van God laat struikel.

**Groepwerk: Lees die volgende teksverse en beantwoord die vrae:**

Mattheus 7:15-23

1. Wat sal wolwe doen wanneer hulle by skape uitkom? (Wolwe – valse onderwysers – wil die skape – Christene – seermaak en weglei van die waarheid)
2. Hoe kan jy die verskil sien tussen 'n wolf in skaapsklere en 'n regte skaap? (Jy sal aan hulle vrugte die verskil kan sien. Wolwe sal vrugte van die vlees dra en skape vrugte van die Gees volgens Galasiërs 5:19-22)

Markus 13:5-6

1. As groep, ontwerp 'n waarskuwingsteken wat sal pas by hierdie teksvers.

2 Korinthiërs 11: 13-15

1. Hoekom dra bankrowers in die flieks altyd maskers? (Hulle wil nie herken word deur iemand nie. Niemand sal vir die polisie kan vertel wie die bank beroof het nie, en hulle sal dus nie tronk toe gaan nie.)
2. Hoe is die satan en sy mense soos die bankrowers wat maskers dra? (Die Bybel sê dat satan 'n dief is, en hy wil probeer om soveel mense as moontlik van die Waarheid af weg te hou. Hy vermom homself dus ook. Hy stuur ook mense in God se kerk in wat die waarheid verdraai op slinkse (sklem) maniere.)

Handelinge 17:10-12 en 1 Johannes 4:1

1. Hoe kan jy 'n valse leraar uitken? (Deur elke woord te toets. Ons moet kyk of daardie woorde in die Bybel staan, en ook vir die Heilige Gees vra om vir ons die leuens uit te wys.)

Valse profete en valse leraars kom al van die Bybel se tyd af. Ons sien deesdae vreeslike dinge gebeur met God se skape. Dit is hoekom dit so 'n groot saak van erns is, dat ons daagliks ons Bybels lees en bestudeer sodat ons die leuens kan herken. Onthou dat die valse leraars nie met 'n bordjie om hulle nek kom wat sê: Ek gaan jou mislei nie. Maak dit 'n saak van gebed dat God jou sal help om Sy Woord so goed te ken dat jy dadelik die leuens sal kan herken.

Sluit af met gebed in groepe.